PROVINCE OF WESTERN CAPE

Provincial Gazette Extraordinary

6445

Monday, 18 *June 2007*

PROVINSIE WES-KAAP

Buitengewone Provinsiale Koerant

6445

Maandag, 18 *Junie 2007*

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

PROVINCIAL NOTICE

The following Bill is hereby published for general information:

Land Use Planning Ordinance, 1985, Amendment Bill [B 4-2007]

P.N. 166/2007 18 June 2007

Any person or organisation wishing to comment on the said Amendment Bill is requested to lodge such comment in writing before or on 24 June 2007:

(a) by posting it to:

The Secretary:
Western Cape
Provincial Parliament (Attention: Mr. J. J. Coetzee)
P.O. Box 648
Cape Town
8000

(b) by email to:

jjcoetze@wcpp.gov.za

(c) by fax to:

J. J. Coetzee
(021) 487-1685

P. G. Williams
Secretary to Parliament

INHOUD

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Wetsontwerp word hierby vir algemene inligting gepubliseer:

Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, Wysigingswetsontwerp [W 4-2007]

P.K. 166/2007 18 Junie 2007

Enige persoon of organisasie wat kommentaar oor die genoemde Wysigingswetsontwerp wens te lewer, word versoek om sodanige kommentaar skriftelik te lewer voor of op 24 Junie 2007:

(a) deur dit te pos aan:

Die Sekretaris:
Wes-Kaapse
Provinsiale Parlement (Aandag: mnr. J. J. Coetzee)
Posbus 648
Kaapstad
8000

(b) deur dit te epos aan:

jjcoetze@wcpp.gov.za

(c) deur dit te faks aan:

J. J. Coetzee
(021) 487-1685

P. G. Williams
Sekretaris van die Parlement

GENERAL **EXPLANATORY** NOTE:

Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

BILL

To amend the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), so as to extend to 23 **years** the period during which owners of land may exercise land use rights; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Provincial Parliament of the Province of the Western Cape, as follows:-

Amendment of section 14 of Ordinance 15 of 1985

1. Section 14 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 is amended by the substitution for paragraphs *(a)* and *(b)* in subsection (2) of the following paragraphs -

"(2) *(a)* If after the expiry of a period of [21] 23 years after the date of commencement of this Ordinance any use right in respect of land to which the applicable provisions of section 7 apply has not been exercised, the land concerned shall, subject to the provisions of paragraph *(b)* of this subsection, be deemed to be zoned in accordance with the utilisation thereof, as determined by the council concerned, and any applicable zoning map existing at the said expiry shall lapse.

(b) Subject to the provisions of paragraph (c) of this subsection an appeal committee shall, before expiry of the period of [21] 23 years mentioned in paragraph *(a)* of this subsection or any extended period determined by the said appeal committee in terms of this subsection, on the application of the owner concerned and if, in the opinion of the said appeal committee, the said owner has suffered or will suffer loss, extend the said period or extended period in relation to the said land concerned by such period as the said appeal committee may determine; provided that such extension shall be for a period of at least 5 years."

Short title

2. This Act is called the Land Use Planning Ordinance, 1985, Amendment Act, 2007.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Woorde in vet druk tussen verkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WETSONTWERP

Tot wysiging van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), om sodoende die periode waarin eienaars van grond grondgebruikregte kan uitoefen, te verleng tot 23 jaar; en om voorsiening te mask vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:-

Wysiging van artikel 14 van Ordonnansie 15 van 1985

1. Artikel 14 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, word gewysig deur die vervanging van paragrawe *(a),* en *(b)* in subartikel (2) deur die volgende paragrawe -

"(2) *(a)* Indien na die verstryking van 'n tydperk van [21] 23 jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie enige gebruiksreg ten opsigte van grond waarop die toepaslike bepalings van artikel 7 van toepassing is, nie uitgeoefen is nie, word die betrokke grond behoudens die bepalings van paragraaf *(b)* van hierdie subartikel geag gesoneer te wees in ooreenstemming met die aanwending daarvan, soos deur die betrokke raad bepaal, en verval enige toepaslike soneringskaart wat by genoemde verstryking bestaan.

(*b)* Behoudens die bepalings van paragraaf (c) van hierdie subartikel moet 'n appelkomitee voor verstryking van die tydperk van [21] 23 jaar in paragraaf *(a)* van hierdie subartikel vermeld of enige verlengde tydperk ingevolge hierdie subartikel deur genoemde appelkomitee bepaal, op aansoek van die betrokke eienaar en indien genoemde eienaar na die mening van genoemde appelkomitee verlies gely het of nog sally, genoemde tydperk of verlengde tydperk met die tydperk deur genoemde appelkomitee bepaal, met betrekking tot die betrokke grond verleng; met dien verstande dat sodanige verlenging vir 'n tydperk van minstens 5 jaar sal wees."

Kort titel

2. Hierdie Wet heet die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, Wysigingswet, 2007.

EXPLANATORY MEMORANDUM

LAND USE PLANNING ORDINANCE, 1985, AMENDMENT BILL (ORDINANCE 15 OF 1985)

Section 14 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), originally provided for the lapsing of land use rights, which were not exercised for a period of 15 years after the commencement of the Ordinance on 1 July 1986. This would then have entailed that the relevant land would have been deemed to be zoned in accordance with the legal utilisation thereof, as determined by the local authority. This provision was included in the Ordinance so that long term planning decisions, which were taken before the commencement of the Ordinance, shall not exist *ad infinitum.*

Local Government requested the Provincial Government to investigate this matter and to promulgate arrangements before 1 July 2001 when the above land use rights would have lapsed. Local Government was concerned that landowners, whose land use rights would lapse, might claim compensation from specific local authorities.

Since 2001 until 2004 the initial period of 15 years was annually extended with a one year period but after the expiry of the period in 2005 the period of 19 years was extended with a further 2 years. It is now proposed that the period of 21 years be extended with a further 2 years, The further period of 2 years will enable the Department to promulgate appropriate legislation.

VERDUIDELIKENDE MEMORANDUM

ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985, WYSIGINGSWETSONTWERP (ORDONNANSIE 15 VAN 1985)

Artikel 14 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), het oorspronklik voorsiening gemaak vir die verval van grondgebruikregte wat vir 'n tydperk van 15 jaar na die inwerkingtreding van die Ordonnansie op 1 Julie 1986 nie uitgeoefen is nie. Dit sou dan behels het dat die betrokke grond geag gesoneer te gewees het in ooreenstemming met die wettige aanwending daarvan, soos deur die plaaslike owerheid bepaal. Hierdie bepaling is destyds in die Ordonnansie ingeskryf om voorsiening te maak dat langtermynbeplanningsbesluite, wat voor die inwerkingtreding van die Ordonnansie geneem is, nie *ad infinitum* voortbestaan nie.

Die Plaaslike Regering het die Provinsiale Regering versoek om hierdie aangeleentheid te ondersoek en ander maatreels af te kondig voor 1 Julie 2001 wanneer die bogenoemde grondgebruikregte sou verval. Die Plaaslike Regering was bekommerd daaroor dat grondeienaars wie se gebruiksregte sou verval, moontlik eise vir skadevergoeding teen spesifieke plaaslike owerhede kon inbring.

Sedert 2001 tot en met 2004 is die aanvanklike periode van 15 jaar jaarliks met 1 jaar periode verleng maar na die verstryking van die periode in 2005 is die periode van 19 jaar verleng met 'n verdere 2 jaar. Dit word nou voorgestel dat die periode van 21 jaar verleng word met 'n verdere 2 jaar. Die verdere periode van 2 jaar sal die Departement in staat stel om toepaslike wetgewing te promulgeer.